
# Christo Wiese aanvaar skikking met Steinhoff.

Christo Wiese, voormalige voorsitter en grootste aandeelhouer van Steinhoff, is tevrede met ’n ooreenkoms wat met hom bereik is.
Hy en sy ondernemings gaan Steinhoff se skikkingsvoorstel ondersteun, drie jaar sedert hy ’n reuse-eis van nagenoeg R60 miljard teen die groep ingestel het.
Sy ondernemings Thibault en Wiesfam kry sowat R7,9 miljard uit die skikking.
Steinhoff het in Julie verlede jaar ’n skikkingsvoorstel aangekondig en in Februarie vanjaar amptelik die proses begin.
Talle partye is nog bitter ongelukkig oor die skikking en die afgelope maand het hernude hofsake begin wat dit in die wiele kan ry.
Steinhoff se skikkingsaanbod beloop in geheel sowat R16,5 miljard vir die amper R136 miljard se eise wat teen die groep ingestel is. Die eise kom nadat sy aandeelprys einde 2017 in duie gestort het toe aangekondig is ongerymdhede het met sy boeke plaasgevind.
Steinhoff het Woensdag aangekondig ooreenkomste tussen die groep en ondernemings van Wiese het onvoorwaardelik geword, wat beteken daar is voldoen aan alle uitstaande voorwaardes.
Die skikkingsvoorstel van die groep sluit in dat die partye wat dit aanvaar alle hofgedinge teen Steinhoff laat vaar.
Steinhoff wil die skikkingsproses in Suid-Afrika deur middel van ’n art. 155-reëlingskema deurvoer.
Die eisers word in klasse gegroepeer (soos die aandeelhouers wat hul aandele in die mark gekoop het en dié wat ingevolge ’n kontrak aandele gekoop het) waar hulle stem om die skema goed te keur of nie.
Netwerk24 het voorheen berig Wiese se ondernemings kan in die klas waarin hulle gegroepeer is (kontraktuele eisers) op grond van die waarde van hul eis daar die goedkeuring bewerkstellig.
’n Eiser wat naamloos wou bly, het voorheen gesê Wiese se aanbod in die skikking is aangepas op aandrang van die ander eisers omdat hy ’n direkteur en voorsitter van Steinhoff was. Daarom kry hy minder sente van die rand vergeleke met die ander kontraktuele litigante.
’n Gedeelte van Wiese se eis is ook afgestaan aan die buitelandse maatskappy Conservatorium Holdings LLC.
Conservatorium het die regte gekoop van banke wat in 2016 ’n lening aan die Nederlandse maatskappy Upington verskaf het waarmee Steinhoff-aandele gekoop is.
Conservatorium het daarop aanspraak gemaak dat hy die regte eienaar is van die eise wat Wiese se ondernemings teen Steinhoff ingestel het.
Steinhoff het op 14 Februarie aangekondig ’n ooreenkoms is met Conservatorium en ander leners van Upington bereik om hul eise te vereffen en die uitstaande geskille tussen dié maatskappye en Wiese se ondernemings te besleg.
Conservatorium en die ander leners is ingevolge die ooreenkoms geregtig op die skikkingsaanbod van die Nederlandse Steinhoff NV vir die Upington-eis.
Dit beloop meer as R1 miljard.
Die ooreenkoms het ook nou onvoorwaardelik vir Conservatorium geword.



Volgens Steinhoff se aankondiging Woensdag sluit die ooreenkomste ook een in met Wiese se onderneming Titan oor die terugbetaling van ’n lening van R3,4 miljard oor vyf jaar vandat die skikking in werking tree.
Die lening se terugbetaling is onderworpe aan die vergoeding wat Titan kragtens die skikking gaan ontvang.
Dié lening spruit uit ’n Shoprite-transaksie wat Steinhoff en Wiese-hulle voor die groep se ineenstorting beoog het en wat ná die gebeure van Desember 2017 beëindig is.
Nog ’n bedrag en dié bedrag van €200 miljoen is onderskeidelik in Oktober en November 2017 aan entiteite van Wiese (wat toe nog voorsitter van Steinhoff was) betaal as deel van die beoogde Shoprite-transaksie.

https://www.netwerk24.com/Sake/Maatskappye/christo-wiese-aanvaar-skikking-met-steinhoff-20210324

SQUIDEYE

